

Dinsdag 1 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 2:11 – 3:12

Fokusgedeelte: Eksodus 3:5, 11; Job 1:4, 5; HK Sondag 47:122

Trek jou skoene uit – jy is *geheilig* deur Christus!

Die byvoeglike naamwoord “*heilig*” kom hier vir die eerste keer in die Bybel voor. “*Heilig*” is egter nie ’n onbekende woord vir kerkmense nie. Ons praat byvoorbeeld van die *heilige* Doop en Nagmaal. Van gelowiges word daar ook gepraat as die “*heiliges*”. Die “*Heilige*” Gees. Die eerste bede van die “Onse Vader”-gebed lui: “Laat U Naam “*geheilig*” word.”

Die woord “*heilig*” beteken: “*rein, skoongewas, gewyd, afgesonder, eenkant gesit, anders, verhewe, behorende tot ’n ander kategorie*” en soos dit in die eerste bede verklaar word, “*uitgeken*”.

In Eksodus 3 pas Moses sy skoonpa, Jetro, se kleinvee op. Die Engel van die HERE verskyn aan Moses in ’n vuurvlam uit ’n doringbos. (Die “Engel van die HERE” is Christus in die Ou Testament – vgl. Jes. 63:9). Die doringbos brand nie uit nie. Moses bekijk dit van nader, want hier is iets *anders* besig om te gebeur! God roep vanuit die doringbos (3:4): Trek jou skoene uit, want jy staan op *heilige* grond! Om skoene uit te trek, is ’n gebruik om te sê dat jy jou nederig vereenselwig met die stof van die aarde waaruit jy gemaak is. Hier moes Moses demonstreer dat hy in die verhewe, in die geheel en al *andere* en *heilige* God se teenwoordigheid maar net mens is. Dis die *nederige* teenoor die *Heilige*.

Moses moet homself voor God ontbloot vir wie hy werklik is: ’n sondaar, doemwaardig, wat sy gesig moet verberg in God se teenwoordigheid. Toe Moses sy opdrag kry, sê God eers: Ek sien my volk se ellende; Ek hoor my volk se jammerklagte; Ek ken my volk se smarte; Ek dink aan my beloftes aan hulle (2:23-25; 3:7-9). God sê: Ek ken jou, en tog stuur Ek jou om my volk uit te lei.

Moses vra: Wie, ek – ’n sondaar, moordenaar, vlugteling, veewagter? Ja, jý! Ék sal met jou wees en jou *heilig* (toerus, wy) vir die koninkrykswerk!

Broeder, suster, ampsdraer, lidmaat van die liggaam van Christus – om Christus wil is jy skoongewas, gereinig, toegerus, eenkant gesit, geroep, geheilig om die Here se Naam te heilig (uit te dra) daar waar Hy jou ookal roep!
Sing: Psalm 111-1:1, 5

Ds. AH Stavast (Arie) (Pretoria/Kroonstad)